

# TAKSIDERMIE - WAT IS DIT?

J.T. Schutte



Glasvesel renoster

Die woord 'taksidermie' is afgelei van die Griekse woord 'taxis' wat beteken 'om in orde te bring', 'rangskik' of 'voorbereiding', en 'derma' wat 'vel' beteken. Dit is dus die kuns om die vel of huid te preserveer tesame met die hare, vere of skubbe van die dier.

Die doel van taksidermie is om die vel voor te berei as 'n eksemplaar om te bestudeer, vir uitstaldoeleindes in 'n museum of privaatversamelings, of as 'n ornament of vir kleding.

Die oorsprong van taksidermie kan gevolg word tot by die prehistoriese mens wat velle bewerk het vir kleding. Later het die Amerikaanse Indiane die koppe van onder andere ystervarke, vosse, wasbere en seeduikers as dekorasies op klere en toerusting en in seremonies gebruik. Die antieke Egiptenare het met die balsem van honde, katte en voëls ook 'n soort taksidermie beoefen, hoewel hulle met speserye en olies gewerk het en nie taksidermie-metodes gevolg het nie.

Die kuns van taksidermie soos ons dit vandag ken, naamlik die montering van eksemplare, is nie meer as 300 jaar oud nie. Vroeër is gepraat van die opstop van diere, en heeltemal tereg ook, want dit is presies wat gedoen is. Die vel is eenvoudig met strooi, droë blare, mos, lap, papier of iets soortgelyks opgestop totdat dit naastenby soos die oorspronklike dier gelyk het.

Vandag is dié opstop-proses ouderwets en in onbruik. Groot moeite word nou gedoen om die liggaam te modelleer om dit so lewensgetrou as moontlik te laat vertoon. Die verouderde 'voël-opstopper' is vervang deur die taksidermis en die werkwoord 'opstop' ('stuffing') is laat vaar ten gunste van 'modellering', of 'montering' ('mounting') van 'n eksemplaar.

In 'n Engelse verklarende woordeboek word taksidermie beskryf as: 'The art of preparing, stuffing, etc., the skins of animals to make them appear lifelike'. Wat moderne taksidermie betref, is die sleutelwoorde 'art' en 'lifelike', hoewel die meeste mense taksidermie nie as 'n kunsvorm beskou nie. In werklikheid stem taksidermie baie ooreen met realistiese beeldhou of skilderkuns. Die kunstenaar kyk na 'n toneel en probeer dit reproduseer met klei of verskillende skadu's van verf op doek. So neem die taksidermis 'n dier en probeer dit so lewensgetrou moontlik monteer.

Daar is geen verskuilde toorkuns op die weg van suksesvolle taksidermie nie, ook geen kortpad na sukses nie. Dit strek ook verder as bloot tegniek. 'n Gemonteerde voël mag byvoorbeeld tegnies goed wees, maar kan onnatuurlik vertoon. Die taksidermis strew na persoonlikheid en balans in sy werk. Die gehalte en sukses hang daarvan af of 'n montering kunsmatig of opsienbarend realisties is.

Om 'n montering te verkry wat tegnies goed is en lewensgetroue kwaliteit besit, is nie toevallig nie. Elemente wat in die skone kunste voorkom, is ook in taksidermie essensieel vir 'n hoë standaard, byvoorbeeld komposisie, beweging, perspektief, ritme en atmosfeer.

Daar is 'n persoonlike uitdaging aan taksidermie verbonde wat as kunsvorm die taksidermis die geleentheid bied om homself uit te leef deur 'n skepping uit die natuur te neem en dit te probeer herskep na sy beste vermoë. Letterlik is dit onmoontlik om dit perfek te kry, maar die plesier en uitdaging lê juis in die strew na die volmaakte. ●